

# PULA IMVULA

>> GROWING FOOD >> GROWING PEOPLE >> GROWING PROSPERITY >>



JANUARIE  
2018

## Met HARDE WERK is daar geen perke nie

Graan SA tydskrif vir  
ontwikkelende boere

Lees binne:

- 06 | Kanola – sorg dat elke toediening wérk
- 08 | Groen lig vir sojabone as gevolg van opwaartse neiging
- 20 | Leer jou kinders goed...



**A**s jy lief is om iets te vier en op soek is na iets om te vier, is die webwerf, <http://www.holidayinsights.com/more-holidays/>, 'n groot hulp. Hier word bizarre, unieke en verskillende dae gelys, sodat elke dag 'n fees kan wees. Op 22 Februarie byvoorbeeld, mag jy nie praat oor jou sukses

of prestasies nie, aangesien dit 'Wees Nederig Dag' is. 'Geen Dieet Dag' word op 6 Mei gevier waar mense aangemoedig word om hul liggame te aanvaar, terwyl Internasionale Grap Dag vir 1 Julie geskeduleer is, wanneer 'n grap regdeur die dag vertel kan word, ongeag waar jy is.



## Met harde werk is daar geen perke nie

### 'n Dag om fees te vier

Graan SA se Boereontwikkelingsprogram het hul eie spesiale dag, die Dag van Feesviering, in 2009 bygevoeg. Op hierdie dag word die prestasies van die mense wat deel van hierdie program is, gevier. Gedurende die geleentheid word erkenning gegee aan boere vir die moeisame werk wat hulle dwarsdeur die jaar ingesit het. Of die jaar uitdagend was met lae opbrengste wat gerealiseer is, of 'n goeie reënseisoen wat rekord hoë opbrengste opgelewer het, die feestelikheid vind plaas as 'n viering en oorskadu enige van die uitdagings waarmee die boere gedurende die jaar gekonfronteer is om die einde van die produksieseisoen te bereik. Hierdie dag gee ook aan die boere en die Graan SA span – bestuur, mentors en provinsiale koördineerders – 'n geleentheid om op 'n pragtige plek te ontspan en die afgelope seisoen met mekaar te vergelyk.

Op 5 Oktober 2017 het meer as 300 gaste, waaronder regeringsverteenvoerders, landboubelanghebbendes en ongeveer 150 opkomende graanprodurente, baie kleurvolle tradisionele uitrustings, die 2017 Dag van Feesviering bygewoon. Vanjaar is die boere se vordering en harde werk by die Sandstone Sleeper Estate aan die buitewyke van Bloemfontein erken. Met 17 nuwe boere wat by die 250 Ton Klub aangesluit het en 21 wat lede van die 500 Ton Klub geword

het, was dit duidelik dat die gewaardeerde advies wat Graan SA se span en mentors met die opkomende boere deel, 'n impak op die lewe van ontwikkelende boere maak.

Die hoofborgte van hierdie wonderlike geleentheid is verteenwoordig deur Dr. Langa Simela (Besigheidsontwikkelingsbestuurder: Absa AgriBesigheid), Mnr Ferdie Marx (Area Bestuurder: John Deere Financial Sub-Sahara Afrika), Linda van der Merwe (Hoof: Kliënte Bemarking, Syngenta SA) en Dudu Mashile (Verkoopsbestuurder: Opkomende Markte, Monsanto).

Aan die einde van die formaliteit het Jane McPherson (Bestuurder: Boereontwikkeling, Graan SA) die vriende van die program bedank – dié individue wat die program ondersteun om sy voortbestaan te verseker. Dit sluit in die Mielietrust, Wintergraantrust, OPOT, Monsanto, Afri, Pioneer, Pannar en Sasol Base Chemicals. Jannie de Villiers (Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA) het sy dank uitgespreek teenoor elke ontwikkelende graanboer wat bereid is om bygestaan en geleer te word en sodoende elke jaar 'n groeiende oes van graanboere te verseker.

### Die mees suksesvolle oes van graanboere

Soos die meeste wenners weet, is daar geen geheime resep vir sukses nie. Dit is die resultaat van harde werk, toewyding en vasberadenheid soos die volgende vier 2017 kategorie wenners geleer het.

**Die 2017 Graan SA/Absa/John Deere Financial Nuwe Era Kommerciële Boer van die Jaar** is op Vrydag 13 Oktober verlede jaar aan Edwin Thulo Mahlatsi van Bothaville in die Vrystaat toegeken tydens die prestige funksie by The Theatre on the Track in Midrand. As wenner ontvang hy 'n splinternuwe John Deere 5065 MFWD OOS trekker,



Foto's: Die suksesse van boere wat deel was van die Graan SA Ontwikkelingsprogram is gevier op 5 Oktober laas jaar.



## Met harde werk is daar geen perke nie

geborg deur John Deere Financial. Edwin is 'n graanprodusent op die plaas Swartlaagte wat hy deur die regering se PLAS-program verkry het. Hierdie jaar het hy 'n aansienlike vyf en half ton per hektaar behaal. Die ander finaliste in dié kategorie was Remember Mthethwa van Dundee en Lolwane Vuyani van Lichtenburg. (Lees meer oor Edwin in die Februarie uitgawe van Pula Imvula.)

'n Nuwe kategorie, **Graan SA/Monsanto Potensiële Kommersiële Boer van die Jaar**, is vanjaar bekendgestel vir boere met toegang tot meer as 100 hektaar bewerkbare grond,

maar wat tans nie al die beskikbare grond kan gebruik nie en lid kan word van die 250 Ton Nuwe Era Kommersiële boere. Die wenner van hierdie nuwe kategorie, Paul Malindi, van Edenville in die Vrystaat, sê landbou is in sy bloed. Hy het die gebruik van hierdie 441 hektaar plaas deur die regering se PLAS-program in 2012 bekom en het dieselfde jaar by Graan SA se Boereontwikkelingsprogram aangesluit. Paul is een van die stigterslede van die Edenville Studiegroep. Die feit dat hy al die advies wat hy oor die jare ontvang het, geïmplementeer het, het vanjaar vrugte afgewerp. Die ander finaliste was ook van die Vrystaat, Daniel Tshidiso en Ruben Mtihanae.

Thembalihle Hopewell Tobo, die wenner van die **Graan SA/Syngenta Kleinboer van die Jaar 2017**, kom van Ndunge naby Bizana in die Oos-Kaap. Hy het in 1996 begin boer, in 2006 'n lid van Graan SA geword en is tans die voorstuur van die Ndunge Studiegroep. Tobo het meer as 5 ton/ha van sy 15 hektaar mielies geoë. Benewens die mieliekomponent, het hy ook 'n sojamelk waarde-toevoegingsonderneming wat steeds groei. Hy is 'n toegegewye boer wat beskou word as 'n rolmodel in sy gemeenskap. Meluxolo Mfoxo van Kwa-Zulu-Natal en Samson Shuwisa van Mpumalanga was die ander twee finaliste in dié kategorie.

Die **2017 Graan SA/Absa Bestaansboer Boer van die Jaar**, Mavis Hlatshwayo (55), het in 2005 by Graan SA aangesluit en word bygestaan deur Jerry Mthombo (Ontwikkelingskoördineerde). Sy droom daarvan om meer grond te besit om werkgeleenthede vir werkloses in haar gemeenskap te skep. Mavis is altyd bereid om die kennis wat sy bekom, te deel met minder ervare boere in die omgewing, by die studiegroepbyeenkomste, werkswinkels en kursusse wat deur Graan SA gereël word. Die ander finaliste in dié kategorie was Elliot Siphewe Gumbi van Kwa-Zulu-Natal en Solomon Ghasa Dhlongolo wat van Mpumalanga afkomstig is.

### Begin voorberei vir volgende jaar

Elkeoggend in Afrika word 'n gazelle wakker, hy weet dat hy die vinnigste leeu moet weghardloop, of hy word doodgemaak. Elkeoggend in Afrika word 'n leeu wakker. Hy weet hy moet vinniger hardloop as die stadigste gazelle, of hy sal honterly. Dit maak nie saak of jy die leeu of die gazelle is nie; wanneer die son opkom, moet jy hardloop. Alhoewel die oorsprong van hierdie spreekwoord betwisbaar is, is die betekenis baie relevant. Boere, moenie net droom daarvan om die volgende wenner te wees nie, word wakker en werk hard daaraan – jy mag dalk net een van die sterre van die 2018 Dag van Feesvieringe wees.



A artikel verskaf deur Louise Kunz, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na louise@infoworks.biz.

# Sit jouself in ander se skoene

**R**espek is een van die hoekstene van enige samelewing, en respek lê ook as die kern van ons oplossings van die land. Maar ons verstaan van respek skiet soms te kort.

Respek word deur die Engelse woordeboeke as tweeledig aangegee. Ons verstaan respek oor die algemeen as agting en admirasie vir iemand oor sy kennis, gedrag en prestasies. Maar min van ons verstaan die tweede deel, die deel waar dit gaan oor om meegevoel te toon vir iemand se gevoelens, wense en regte. Om jou met ander woorde in die persoon se skoene te kan plaas. Hier val ons baie. As jy respek het vir ander, sal ons eers dink oor hoe dit ander kan affekteer en beïnvloed voor ons doen of praat.

Die Bybel vertel ons in Matteus 5 wat die beloning is vir die wat huis hierdie talent kan bemeester. Maar dit vertel ons ook baie ander eienskappe in die Saligsprekinge wat God

ryklik sal beloon. Alles eienskappe wat ons as Christene behoort na te streef.

Maar in ander se skoene moet ons terugkyk na onsself. En wat en wie sien ons dan. Kerstdag is die tyd van feestelikheid en familie, van terug kyk maar ook vorentoe. Laat dit ook 'n tyd wees van introspeksie. Wie sien ander in jou? Is dit Jesus, want dis wat die Woord vra?

Daar lê 'n wonderlike 2018 vir ons almal voor as ons almal besluit om diensbaar te wees, met God se hulp en leiding, en as gemeenskappe ons paadjie uitkap van hoe ons toekoms lyk. Ons het 'n verantwoordelikheid teenoor onsself en ons kinders se toekoms om ons los te maak van donker om ons, hierdie negatiwiteit, losmaak van die verlede, en fokus op dit wat positief en opbouend is.

Salig is die wat in God se woord wandel! Mag die jaar vir jou, jou gesin, maar ook jou gemeenskap geseënd wees, en mag Sy saligheid oor jou en jou familie rus!

Jaco Minnaar



**Artikel verskaf deur Jaco Minnaar, Graan SA Voorsitter. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jaco@compuking.co.za.**

# Hou aan om nuwe dinge te probeer

**D**ie land het 'n desperate behoefte aan goeie nuus, so ook die landbousektor. Die afgelope seisoen was een van kontraste. Droog in die Wes-Kaap en nat in die noorde. Die Wes-Kaap sukkel, veral in die Swartland-area. Die Suid-Kaap het 'n hele paar goeie, tot baie goeie seisoene gehad wat hierdie gemiddelde een voorafgegaan het. In die noorde het ons ervaar wat die werklike potensiaal van die variëteite is.

Rekord opbrengste is aangeteken, maar bankbestuurders is baie moeilik, omdat pryse onder die koste van die verbouing van graan gedaal het. 'n Mens vra steeds die vraag as boer: Wat moet ek doen onder hierdie soort uiterste omstandighede? Daar is geen vinnige antwoorde op hierdie vrae nie.

Die Suid-Afrikaanse graanboere het oor jare heen hul veerkragtigheid bewys. Veerkragtigheid is die vermoë om vas te byt as dinge moeilik word, om nuwe oplossings vir die huidige probleme te vind. Dus, my eerste raad vir 2018 is om voort te gaan met nuwe dinge wat volhoubaarheid in jou boerdery kan bring. Vasby! Die tweede ding is om somme te maak voordat jy begin koop, plant en bemerk.

Daar is nog te veel stories van graanboere wat net hul trekkers aanskakel om te plant sonder om

die boeke te laat balanseer. Volhoubaarheid gaan oor winste om nuwe kapitaal te genereer vir die uitbreiding en upgradering van jou huidige tegnologie. Maak seker jy kry goeie raad van jou insetverskaffers, sowel as gesoute graanboere wat deur meer as een droogte of krisis is. Die Graan SA platforms (studiegroepe, tydskrifte en mentors) is ideal vir hierdie doel. Niemand sal goeie raad weerhou van diegene wat navraag doen nie.

Gedurende 2018 sal die Graan SA span steeds meer fondse en energie in navorsing belê om oplossings vir die huidige uitdagings, veral rondom klimaatsverandering, te vind. Ons sal monitor of die Herfs Kommandowurm ons oeste weer in die somer sal pla. Ons het geen spore in die Wes-Kaap gedurende die groeiseisoen gevind nie. Ons vennootskap met die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye is van betekenis hier. Ons pogings om finansiële instellings te kry om produksielings aan ons boere beskikbaar te stel, bly baie hoog op die agenda en dit lyk asof ons Boereleiers politieke leiers hieroor moet betrek om betekenisvolle resultate te kry.

Ten spyte van al die probleme van 2017, laat ons ons bes doen om van die geleenthede wat God in die Nuwe Jaar gegee het, gebruik te maak. Ek is optimisties dat God ons gebede nie

Jannie de Villiers



net vir ons plase sal hoor nie, maar ook vir ons geliefde land.

Graan SA wens jou 'n produktiewe en vooruitstrewende seisoen in 2018 toe.

**Artikel verskaf deur Jannie de Villiers, Uitvoerende Hoofbestuurder van Graan SA. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na jannie@grainsa.co.za.**



# Kanola - sorg dat elke toediening wérk

Prof. Steven Powels van Wes-Australië, kundige op die gebied van onkruiddoderweerstandbestuur, beveel aan dat ons moet "Make every shot count".

Daarmee bedoel hy dat as 'n onkruiddoder toegeïnd word, moet ons seker maak dat alles reg gedoen word om die bes moontlike resultate te verkry. In die geval van kanola is daar slegs 'n relatief beperkte aantal onkruiddoders wat gebruik kan word. Dit is dus nog meer belangrik om sy raad te volg. Seleksiedruk lei tot die opbou van weerstand en waar 'n besputting herhaal moet word verhoog natuurlik die seleksiedruk nog verder.

Een van die belangrikste produkte wat beskikbaar is vir eenjarige grasbeheer in kanola, is trifluralien (trif). Met die toenemende gewildheid van bewaringsboerdery en die behoud van oesreste op die grondoppervlakte, word die doeltreffendheid van trifluralien egter verlaag. Die produk word baie sterk gebind aan enige plantreste en word nie deur water (reën) afgewas. Dit beteken dat baie min van die onkruiddoder op die grond beland.

Aangesien trifluralien se werking deur die grasperante se wortels is, moet dit in die ontkiemingsone

van die onkruidde beland voor die onkruidplante bo die grond verskyn. Boonop word dit ook deur die ultravioletstralé van die son afgebreek. Hierdie is nog 'n rede waarom dit so belangrik is dat die produk direk na toediening met die boonste grondlaag vermeng moet word.

## Hoe nou gemaak?

Die beste resultate met trifluralien word verkry waar dit breedwerpig op die grondoppervlakte gespuit word en deeglik met die boonste 5 cm tot 10 cm van die grondprofiel vermeng word voor die kanola geplant word. Die huidige praktyk waar hierdie produk meestal in digte deklae van oesreste tydens die plantproses toegedien word, gaan ten beste 70% grasbeheer verseker en hierdie persentasie behaal sal daal met 'n toename in oesreste op die oppervlakte en/of 'n vermindering in die vermenging met die grond soos waar 'n skyftipe planter byvoorbeeld gebruik word. Daarteenoor behoort die praktyk hierbo beskryf, indien die vermenging met die bogrond deeglik is, 100% beheer te gee.

Dit beteken egter dat die stoppelbestuur in bewaringslandboustelsels aangepas sal

moet word waar grasonkruide 'n probleem is. Lande wat vir kanola verbouing geteiken word, sal anders voorberei moet word om dit moontlik te maak om die trifluralien doeltreffend te gebruik. Die vorige jaar se kleingraanstoppels kan gebaal word of deur vee gewei word om dit te verminder.

In Australië is dit ook 'n doeltreffende praktyk om die kaf in 'n nou baan te plaas en dit te brand. Dit beteken dat net 'n klein oppervlakte van die land gebrand word. Hierdie praktyk sal ook 'n groot persentasie onkruidsade vernietig. Produsente sleep soms ook swaar bande oor die land om die reste op te breek en die grond gelyk te kry en 'n eenmalige vlak bewerking nadat die trifluralien uitgespuit is en voor die kanola geplant word, kan selfs oorweeg word. Die gebruik van die "cutter" en "spreader" op die stroper help ook om die strooi meer hanteerbaar te maak en egalig oor die land te versprei.

Produsente wat sukkeld om eenjarige grasonkruide te bowe te kom moet besluit wat vir hulle die belangrikste is – doeltreffende grasbeheer in die kanolafase wat nie alleen kanola opbrengste gaan verhoog omdat dit makliker is om kleinsadige kanola suksesvol te



vestig as daar nie te veel oesreste op die land is, maar ook grasonkruidprobleme in die opvolg graangewas gaan verminder of die verlies van 'n grondbedekking (deklaag in een uit vier jare).

Die drie ander onkruiddoder opsies wat tot raaigrasbeheer kan bydra, is Kerb, Cysure en atrasien. Kerb word na-opkoms van die kanola en raaigras toegedien. Die kanola moet by die twee tot drie blaar stadium wees en die gras verkieslik nie meer as twee blaar stadium nie. Kerb het 'n vogtige bo-grond nodig om in 'n dampfase oor te gaan en die grond moet nie los wees nie omdat dit dieper ontkieming van onkruidie wat dan nie suksesvol beheer sal word, sal bevoordeel.

Alhoewel sulfoniel-urea (SU) weerstand van raaigras wyd voorkom, is daar nog produente wat aanvaarbare beheer met Cysure behaal. Net die Clearfield kanola kultivars kan met Cysure gespuit word. Die kanola moet verby die vyf blaar stadium wees voor Cysure toegedien kan word.

Atrasien kan net op triasientolerante (TT) kultivars gespuit word. Dit kan met plant of vroeg na-opkoms van onkruidie toegedien word. Vir die beste resultate moet atrasien net

voor 'n reënbus toegedien word aangesien die produk hoofsaaklik deur die onkruidwortels opgeneem word en die reën dit in die grond sal inwas. Atrasien behoort ook breëblaaronkruidie soos ramenas, doeltreffend te beheer. Dit is belangrik om nie meer as 1 kg/ha aktiewe van enige triasiene toe te dien nie, anders gaan dit die daaropvolgende graangewas benadeel sodat die opbrengsvoordeel wat kanola behoort te gee, nie sal realiseer nie.

Kanola het verskeie voordele as 'n wisselbougewas vir kleingrane. Dit is nou 'n konstantgewas in eie reg omdat die besikbaarheid van basterkultivars die opbrengspotensiaal aansienlik verhoog het.

Die feit dat ander groepe chemie in kanola as in die graanfase benut kan word, het meebring dat doeltreffende onkruidweerstandstrategieë in plek gesit kan word. Goeie grasbeheer in die kanola kan ook meebring dat duur grasdoders in die graanfase gespaar kan word.

Een van die belangrikste eienskappe van kanola is hierdie gewas se vermoë om later ontkiemende onkruidie, wat 'n toenemende probleem geraak het, deur 'n digte, sterk

kompetenterende blaarkoepel wat reeds gedurende die vier tot vyf blaar stadium bereik word, heeltemal te onderdruk. 'n Egalig digte stand van kanola is uiterlig belangrik want onkruidie sal in enige kaal kolle gedy. Die plant van kanola in nouer rye sal hertoe bydra. Met nouer rye is die binne-ry kompetisie tussen kanolaplante, wat die afsterf van jong kanolaplante meebring, ook minder. Produente moet daarna mik om 50 tot 70 plante per vierkantmeter wat egalig oor die land versprei is, te behou om maksimum opbrengste te verseker.

Alhoewel die groter verskeidenheid produkte vir grasbeheer in kanola, suksesvolle onkruidbeheer vergemaklik, is dit belangrik om alle dinge reg te doen. ***Make every shot count!***

***Artikel verskaf deur Chris Cumming, konsulent vir die PNS (Proteïennavorsingstigting). Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na cummingza1946@telkomsa.net.***



# Groen lig vir SOJABONE as gevolg van opwaartse neiging


**S**ojaboon is beslis 'n gunsteling onder produsente. Die groeiende neiging in sojaboonaanplantings word nie net op die plaaslike landskap gesien nie, maar oor die hele wêreld.

Voor die droogte in 2016/2017 het Suid-Afrika sy hoogste sojaboonaanplantings van net meer as 1 miljoen ton geproduseer. Teen daardie tyd was die produksie reeds op 'n opwaartse neiging, maar is onderbreek deur die ernstige droogte, wat 'n daling van 30% in die algehele produksie in die 2016/2017 se verkope jaar tot gevolg gehad het. In die huidige bemarkingsjaar (2017/2018) word sojaboonaanplantings geraam op 'n rekord van 1,3 miljoen ton, met die oppervlakte wat 13,4% hoër aangeplant is as die vorige seisoen en volgens die voorkoms van dinge lyk dit asof produksie waarskynlik sal voortgaan teen 'n opwaartse neiging.

Volgens die nuutste beplande aanplantings wat deur die Oesskattingskomitee uitgereik is, word die gebied wat met sojabone geplant is, na verwagting met 25% verhoog, van 573 950 ha in 2016 tot 720 000 ha in 2017. 'n Groot deel van die verskuwing is hoofsaaklik boere wat weg beweeg van die aanplant van mielies om dit met sojabone te vervang. Die aantreklikheid van sojaboonaanplantings is onlangs ondersteun deur 'n toenemende plaaslike vraag en winsgewendheid van die gewas in vergelyking met dié van mielies.

Gedurende onlangse jare het verbruikers 'n sterk vraag na voedsel met 'n hoë proteïeninhoud getoon. So 'n toename in vraag vloeit

Grafiek 1: Plaaslike sojaboonaanplantingsmarges.



oor na die veebedryf, wat gevvolglik die vinnige vraag na voer soos oliekoek gedryf het.

In die huidige bemarkingsjaar het die sojabone wat geproduseer is om olie en oliekoek te produseer, 86% van die totale aanvraag na huishoudelike sojabone uitgemaak en het oor die jare gestyg. **Grafiek 1** duif op die plaaslike gelykbreek marge vanaf 1999 tot 2017/2018 bemarkingsjaar.

Daar is tot huidiglik 'n vinnige toename in sojaboonaanplantingsmarges vanaf 2009/2010 se bemarkingsjaar, maar hierdie bestendige stygging gaan ook gepaard met 'n paar afnames in die marge en dit kan toegeskryf word aan jare toe Suid-Afrika tekorte gehad het, soos die 2016/2017 verkope jaar. In 2017/2018 word die gelykbreek marge egter weer opgetel en word dit beraam dat dit 900 000 ton sal bereik.

Hierdie gesonde stygging in vraag kan grootliks toegeskryf word aan die aantreklikheid van die bedryf, maar dit is belangrik om daarop te let dat hoewel sojaboonaanplantingsmarges steeds 'n stygging in Suid-Afrika toon, sommige boere bevind het dat dit moeiliker is om die gewas te produseer as ander gewasse en dit word beskou as minder veerkrugtig as mielies, veral in die droër gebiede soos die Vrystaat en het dus net soos enige ander gewas, ook 'n risikofaktor.

**Artikel verskaf deur Michelle Mokone,  
Landbou Ekonom: Graan SA. Vir meer  
inligting, stuur 'n e-pos na  
[Michelle@grainsa.co.za](mailto:Michelle@grainsa.co.za).**



## Pula Imvula se Aanhaling van die Maand

*Life is 10% what happens to me  
and 90% how I react to it.*

~ Charles Swindoll



# Sonneblom – ‘n waardevolle hulpmiddel in jou verbouingsprogram

**S**onneblom is ‘n wonderlike gewas wat in ‘n aantal streke in Suid-Afrika geplant kan word. Die primêre sonneblom produserende gebiede in Suid-Afrika is die Noord-Vrystaat, Oos Noordwes-provinsie en Suidelike gebiede van Mpumalanga.

Sonneblom bied boere ‘n goeie wisselbouopsie. Hulle kan ook ‘n alternatiewe opsie wees wanneer optimale plantdatums vir ander gewasse soos mielies verval het, aangesien sonneblom tot einde Januarie geplant kan word.

Sonneblom benodig ‘n warm, droë klimaat met ‘n jaarlikse reënval van tussen 400 mm en 600 mm. Hulle is ‘n taai gewas wat veerkrugtig kan wees gedurende droogtejare. Waar daar suur of klei tipe grond is, sal sonneblom beter presteer as mielies, mits die klimaatstoestande geskik is. In wese bied sonneblom aan boere opsigte en kan dit ‘n waardevolle hulpmiddel word in die verbouingsprogram.

Januarie is die beste planttyd vir sonneblom. Daarom moet jy in gedagte hou dat alle aspekte gedurende hierdie tyd draai om die aanplant van sonneblom.

Maak seker dat jy die korrekte kultivar kies wat goed sal presteer onder jou plaas se omstandighede. Dit is ‘n goeie oefening om met ‘n saadverteenvoordiger hieroor te konseel. Hy, of sy sal jou ook kan adviseer oor die beste plantpopulasie om te plant, wat jou sal help om die hoeveelheid saad wat jy benodig, te bereken. Die plantpopulasie sal ook beïnvloed word of jy onder besproeiing, of droëland toestande plant.

**“**Jy moet altyd ‘n doel hê. Stel ‘n realistiese opbrengsteiken en werk om dit te bereik.

Maak seker dat grondontledings gedoen word deur grondmonsters te neem. Jy moet dit goed doen, sodat jy tyd kan hê om resultate te analyseer en jou vereiste kunsmis te bestel voor dat planttyd begin. Voordat jy grondmonsters stuur om getoets te word, maak seker dat jy die gewasse wat jy wil plant, aandui. Jou bemesing moet gebaseer wees op jou grondmonsteruitslae.

Bogenoemde is alles baie belangrike faktore om te oorweeg en te implementeer. Maar daar is een bestuursfaktor wat spesiale aandag benodig, veral gedurende planttyd en dit is onkruidbeheer. Sonneblom is veral sensitief vir onkruidkompetisie gedurende die eerste ses weke na plant. By planttyd moet mens besondere pogings aanwend om ‘n mooi, skoon saadbed te kry. Meganiese onkruidbeheer is die mees algemene metode wat gebruik word, aangesien dit die boer voorsien van ‘n sagte, sandagtige laag grond wat ideaal is om in te plant. Na plant moet jy met ‘n goeie vooropkoms onkruiddoder opvolg. Dit moet gedoen word na plant, aangesien sonneblomsaad gevoonlik ontkiem en groei binne 7 tot 10 dae na plant, afhangende van die klimaatstoestande. As die toestande nat en warm is, sal die boer

weer moet opvolg met ‘n goeie na-opkoms onkruiddodermengsel. Dit is noodsaaklik om dit te doen voordat die sonneblom te hoog word, anders sal ‘n trekker en sput nie in die land kan kom nie.

Sonneblom saailinge is baie sensitief vir die elemente en spesiale aandag en sorg moet aan hulle gegee word gedurende hierdie kritieke stadium. Hulle is vatbaar vir sonbrand en windbrand, wat ‘n nadelige effek op jou plantpopulasie en jou opbrengste sal hê. As jou area in hierdie stadium warm, winderige en stowwigerige weerstoestande ervaar, sal dit ‘n goeie idee wees om die grond tussen die geplante rye los te krap om jou verliese te verminder. Die versteurde grondbane sal stof verminder en kan die boonste grondkors breek om te help met die opkom van die sonneblom.

Jy moet altyd ‘n doel hê. Stel ‘n realistiese opbrengsteiken en werk om dit te bereik. Maak seker dat jou vooriseisoen beplanning deeglik is, sodat wanneer jy begin plant, goeie voorbering gemaak kan word met minder oponthoud. Ten slotte, maak seker dat jy die gewas wat jy plant, verstaan. Jy moet die nodige navorsing oor sonneblom doen voordat jy voortgaan en vir die eerste keer plant.

**Artikel verskaf deur Gavin Mathews,  
Baccalaureus in Omgewingsbestuur.  
Vir meer inligting, stuur ‘n e-pos na  
[gavmat@gmail.com](mailto:gavmat@gmail.com).**



# Konvensionele vs minimum bewerking en die effek daarvan op grond



**Primêre bewerking ter voorbereiding van die lande.**

Tydens ons reis dwarsoor Suid-Afrika waar ons gekyk het na verskeie graangewaspraktyke, kon ons die verskillende pogings om minimum- of bewaringsbewerking te begin toepas, of voort te gaan daarmee, teenoor konvensionele bewerking, waarneem.

Konvensionele bewerking behels baie meganiese bedrywighede wat begin met diep ploeg, diep snybewerking, diep tandbewerking, vlak tandbewerking en fyn saadbedvoorbereiding na die oes van verskillende graangewasse in beide winter en somer produksieseisoene. Daarna word 'n braakperiode gegee om vog vas te vang voor die aanplant van die volgende gewas. Hierdie benadering lei tot 'n kaal grondoppervlak wat blootgestel word aan wind- en watererosie en hoë verdigting na swaar reën, wat dan weer losgemaak moet word

om onkruidbeheer te help en om vogabsorpsie tydens daaropvolgende reënval te bevorder.

Bewarings- of minimumbewerking is in die laat 1970's op 'n redelike groot skaal deur die VSA graanproduserende gebiede bekendgestel en deur boere in baie ander lande, insluitend graanboere in Suid-Afrika, aangeneem. Daar is dus 'n groot hoeveelheid navorsing en inligting beskikbaar oor die sukses of mislukking van die verskillende stelsels wat geïmplementeer word.

Bewaringsbewerking omvat baie verskillende vlakte binne 'n verminderde bewerkingsoperasie. Die tegnieke wat gebruik word, wissel van stoppel/deklaag tegnieke wat sommige reste op die grondoppervlak hou deur slegs enkele tandbewerkings te doen. Dan kry jy geen-bewerking, waar die enigste versteuring van die grond tussen gewasse die plantbewerking met spesiaal aangepaste planters

is, wat die grond sny met behulp van snyskottels of tande. Bewaringsbewerking word gedefinieer deur minstens 30% van die vorige gewasse op die grondoppervlak tussen gewasse te hou.

Onkruidbeheer by bewaringsbewerking berus op die totale gebruik van verskeie kombinasies van chemiese bespuitings tydens verskeie toedienings.

Die sukses van enige metode of stelsel wat aangeneem word, hang grootliks af van die grondpotensiaal en tipe, tesame met die beperkings van die reënval en klimaat in jou boerdery, die mikro-omgewing en die boer se vermoë om die korrekte operasies betyds toe te pas. Sommige boere blyk moeilik aan te pas by die vereistes en behoorlike implementering van bewaringsbewerking, terwyl ander hul grond verbeter en flooreer met verbeterde opbrengste en hoër winste. Waar staan jy in jou boerdery?



**'n Tweede bewerking is gedoen voordat die boer 50 mm reën ontvang het.**

Die sukses van enige gekose stelsel hang grootliks af van die optimalisering van die toerusting wat gebruik word en die voorafbeplanning van die geen-bewerkingsoperasie. In medium potensiaal gebiede met sanderige grond en die voortdurende gebruik van dieselfde chemikalië jaar na jaar, kan 'n mens plase sien waar die lande lyk asof hulle "dood" is.

Beplanning vir gewasrotasies en grasrusstelsels oor 'n 5 tot 7 jaar siklus moet uitgevoer

word om die afhanklikheid van enige chemiese middel te verminder. Sommige boere het hulself feitlik bankrot gemaak ná swak geïmplementeerde geen-bewerkingstegnieke oor verskeie jare. Jy moet kies wat by die bestaande stel, of kombinasie van trekkers en werktuie wat jy op jou plaas het, pas. Die koste en risiko om na geen-bewerking of minimum bewerking met nuwe duur toerusting te beweeg, moet noukeurig oorweeg word.

### Effek op grond

Indien jy geïnspireer wil word om van jou konvensionele bewerking na bewaringsbewerking te verander, besoek asseblief 'n plaas waar geen-bewerking oor sewe jaar op droëland toegepas is, waar die reënval voldoende is (waarskynlik meer as 650 mm per jaar), of op hoë potensiaal spilpunt lande.

Grawe in die grond en jy sal geen grondkorsvorming vind nie, erdwurms sal oorvloedig wees, verbeterde samestelling van gronddeeltjies, verhoogde humusinhoud, geen verdigting, ver-

beterde grondbewerking, bewaring van vog en aansienlik verbeterde vrugbaarheid met 'n hoë opbou van diverse goeie grondbakterieë en mycorrhiza. Die grondstelsel wat dus geskep is, kan die gewas gedurende die hele seisoen van nutriënte voorsien en hoogs winsgewende gewasse produseer.

Die volledige konvensionele stelsel produseer die teenoorgestelde effek van elke faktor wat hierbo genoem word. Onthou dit neem baie jare om die ideale grond in die praktyk te skep.

### Gevolgtrekking

Orweeg die faktore wat hierbo uiteengesit word versigtig om 'n verandering te kan maak om jou grond en potensiële inkomste te verbeter sodat jy in die komende jare as 'n suksesvolle boer kan oorleef.

**Artikel verskaf deur 'n afgetrede boer.**

**Tabel 1: Algemene voordele en nadele van sekere bewerkingsstelsels.**

Sisteem	Belangrikste voordele	Belangrikste nadele
Ploeg	Geskik vir grond met swak dreinering. Uitstekende gebruik van oesreste. Goed voorbereide saadbed. Primêre bewerkingsoperasie.	Hoë moontlikheid van gronderosie. Hoë grondvog verlies. Grond moet teen optimum grondvog vlak wees. Ondeurdringbare ploeglae word gevorm. Hoogste brandstof en arbeidskoste.
Beitelrandbewerking	Laat growwe grondoppervalk met bedekking. Minder winderosie en vogverlies as by ploeg. Goed aangepas by grond wat swak dreineer. Die verlengde inkorporasie van plantreste kan beheer word deur die gebruik van spesifieke tande. Die gebruik van koste-effektiewe 'rolmoer' implemente kan voor die operasie gebruik word.	Meer erosiebeheer as ploeg. Steeds relatief hoë vogverlies. Kerf van plantreste word vereis vir die vloei van materiaal onderdeur en tussen die implement se tande deur. Tand spasiëring en tipe moet spesifiek vir jou plastoestande wees. Medium brandstof en arbeidsvereistes.
Sny	Minder erosie met meer reste as ploeg, afhangend van die snygrootte en spoed van bewerking. Goed aangepas by grond wat goed dreineer en sanderige grond. Goeie inkorporasie van reste indien nodig.	Baie lae gronderosiebeheer. Hoë vogverlies. Baie hoë vernietiging van grondstruktuur. Kompaksie van nat grond. Medium brandstof en arbeidskoste.
Bewaringsbewerking – minimum tot geen-bewerking	Uitstekende erosie kontrole. Hoë grondvog bewaring. Minimum brandstof en arbeidskoste. Bou grondstruktuur en gesondheid.	Geen of baie min inkorporasie van oesreste. Hoë afhanklikheid van onkruiddoder programme en kennis en ondervinding word benodig om dit te gebruik. Stadige grondverwarming by grond wat swak dreineer. Verminderde kompaksie indien die korrekte toerusting en breë bande op trekkers en stroppers gebruik word. Hoë kilowatt trekkers word benodig vir gesofistikeerde planters. Hoë werkverrigting en duur spuite met baie akkurate kalibrasie word benodig. Onkruiddoder tydskedes is baie krities. Verhoogde kunsmistoediening gedurende die eerste paar jare.

# Dit is nie maklik nie, maar dit is die moeite wert

**O**p 21 September 2017 het 'n Graan SA lid, Wilmar Adams, 'n 37 jarige boer van Suurbraak in die Suid-Kaap, die toekenning as die SAB se opkomende garsprodusent van die jaar ontvang.

Die toekenning is aan hom oorhandig tydens die Produsente Erkenningsdag by die SAB Garsplaas op Caledon. Die geleentheid is gehou deur die Suid-Afrikaanse Brouerye (SAB) en AB InBev om hul verbintenis tot die groei en ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse landbousektor te toon.

## Wenmetodes en -praktyke

Suurbraak is 'n klein dorpie in die Overberg Distriksmunisipaliteit in die Wes-Kaap. Die dorp is in 1812 gestig, toe die Londense Sendinggenootskap 'n sendingstasie daar gevestig het. Hierdie gebied is na aan Wilmar se hart, want dit is hier waar sy pa, Eddie, hom aan boerdery bekendgestel het. Hy het grootgeword in die gebied – die jongste van drie kinders – en boer nou op ongeveer 300 hektaar gemeenskaplike grond wat hy van die plaaslike munisipaliteit huur.

Mahatma Ghandi, leier van die Indiese onafhanklikheidsbeweging, het gesê: "Die toekoms hang af van wat ons in die hede doen". Bewaringslandbou is 'n bewys hiervan en Wilmar glo in die voordele daarvan. Dit het nie net gehelp om gronderosie te verminder en waterbewaring te verhoog nie, maar het 'n merkbare verskil in sy opbrengs gemaak. Oor die afgelope vier jaar het sy gemiddelde graanopbrengs toegeneem van 1,4 ton/ha tot 3,6 ton/ha.

Hy vertel dat sy pa dikwels gesê het, "n Boer word nie gemaak nie, hy word gebore. 'n Man kan nie van die pad af kom en dink hy gaan boer nie. As jy wil kanse vat in die lewe, is boerdery beslis nie die plek om dit te doen nie." Hy het dus geweet daar is net een maniere om dinge te doen en dit is die regte manier. As gevolg van swak boerderypraktyke op die gemeenskaplike grond, moes Wilmar eers die wanbalanse in die grond regstel om die grondvrugbaarheid te verbeter nadat hy die boerderybedrywighede van sy pa, Eddie, oorgeneem het, wat 'n paar jaar gelede oorlede is. Kalk is toegegelaan om die pH van die grond te verbeter en pogings is aangewend om die vog te bewaar deur stoppelbedekking te verbeter.



Ná die implementering van bewaringslandbou en deur te hou by goeie agronomiese praktyke, verseker Wilmar 'n gesonde oes en hoër opbrengs op sy grond.



Tydens die SAB se Produsente Erkenningdag, het Frikkie Lubbe, landboukundige van die Suid-Afrikaanse Gars-teelinstituut (SABBI), en David Hauxwell, vise-president van Bestuur en Volhoubaarheid by AB InBev, die 2016 Opkomende Garsprodusent (droëland) toekenning aan Wilmar Adams toegeken (heel reg) vir sy bydrae tot die bedryf en uitnemendheid in die produksie van gars. Hulle was beïndruk deur sy vermoë om produksiekoste, begroting en inkomste per hektaar te bestuur.

Vandag verbou hy gars, koring, hawer en kanola in 'n wisselboustelsel. Rotasies word volgens opbrengs en seisoene aangepas en is buigsaam genoeg om veranderinge en uitdagings te akkommodeer wanneer dit ontstaan. In die 2016-seisoen het hy daarin geslaag om 'n garsopbrengs van 3,6 ton/ha te produseer.

Met 'n droër 2017-seisoen, met 'n reënval van slegs 102 mm gedurende die plantseisoen, het hy steeds 'n 3 ton/ha-oes behaal. Kanola word by die Kanola aanleg, Soill op Swellendam gelewer, terwyl geoesde graan aan Sentralsuid Koöperasie (SSK) gelewer word, waarvan hy 'n lid is – 'n landbou-koöperasie wat in 1931 deur boere in die Overberg-streek van Suid-Afrika gestig is. Bemarking word gedoen deur 'n maatskappy wat spesialiseer in graanbemarking.

Vir die afgelope ses jaar het Wilmar ook geen-bewerking op die grond toegepas, wat erosie en die verlies aan grondvog verminder. Hy sê dat hierdie praktyk die mikroöorganismes in die grond positief beïnvloed, wat noodsaaklik is om 'n goeie oes te ondersteun. Dit het gehelp om koste

te verlaag met 'n vermindering in die hoeveelheid kunsmis wat benodig word en die brandstofverbruik verlaag.

Sedert die aanvang van sy boerderyloopbaan het hy belê in "Boerdery – God se manier". Hierdie produksiemodel en -gids is ontwikkel deur Boet Pretorius, een van die vele kommersiële boere wat hul plase verloor het in die Zimbabweanse grondoornname. Hy het besluit om kleinskaalboere te help met die suksesvolle gebruik van hierdie "boerdery vir die toekoms"-model. Die model bestaan uit vier beginsels:

- **Betyds:** Boere moet dinge betyds doen. As dit nodig is om plaagdoder toe te dien, moenie tyd mors nie. Dit maak die verskil tussen 'n gemiddelde boer en 'n goeie boer.
- **Op standaard:** Produksiepraktyke moet die eerste keer korrek uitgevoer word en geen kortpaaie moet gevolg word nie.
- **Geen vermorsing:** Vermorsing van water, saad of produkte gooi geld in die water.
- **Met vreugde:** Wees lief vir dit wat jy doen, anders moet jy dit nie doen nie.



Die Adams-familie is trots op hul bydrae tot voedselsekuriteit in die land. Wilmar met sy vrou, Chrishenda en hul seun, Wade (5).

## Dit is nie maklik nie, maar dit is die moeite wert

Volgens Dirk van Papendorp, wat een van sy mentors vir 'n paar jaar was, is Wilmar se sukses 'n kombinasie van harde werk en uitstekende agronomiese praktyke. Dirk was so beïndruk deur hierdie vasberade, passievolle boer, dat hy hom genomineer het vir die Nasionale Grondbewaringskonferensie Beste Bewaringslandbou: Gevorderde Kleinboer toekenning.

### Hoop vir more

Hy is positief oor die toekoms van landbou in Suid-Afrika en sê opkomende boere moet hard werk en op God vertrou om suksesvol te wees. Vir jong en opkomende boere het hy die volgende raad: "As jy wil boer, gaan daarvoor, moet nie in jouself twyfel nie. Maar as jy dit doen, doen dit met passie".

Hy sal graag meer grond wil bekom, maar dit is nie moontlik in sy huidige omgewing nie. Akkerbougrond in die Suurbraakgebied is beperk en moet onder die inwoners daar verdeel word. Met baie mense wat nog steeds op 'n stuk grond wag, weet hy dat sy kans om uit te brei, skraal is daar. Hy droom van 'n boerdery op sy eie grond, maar met die prys van kommersiële landbougrond lyk hierdie droom buite bereik. "Sonder hulp van die staat is dit onmoontlik vir opkomende boere om grond te bekom".

### Sukses bring tevredenheid

As daar een gesegde is waarmee Wilmar heeltemal saamstem, is: "Sukses is nie die sleutel tot geluk nie. Geluk is die sleutel tot sukses, want as



*Een van die beste boerderybesluite wat Wilmar gemaak het, was om in sy eie toerusting te belê. Hy maak van kontrakteurs gebruik as hy iets nodig het wat hy dalk nie besit nie, of huur die hulp van kommersiële boere in die gebied.*

jy lief is vir wat jy doen, sal jy suksesvol wees". "Vir my is wat ek doen nie werk nie en dit is ook nie 'n stokperdjie nie, dit is my passie," gesels hy. Hy is lief vir die variasie van die boerderybedryf waar nie een dag dieselfde is as die volgende nie. "Daar is geen eentonigheid op 'n plaas nie," sê hy. Hy is lief vir wat hy doen enanneer die Adams gesin 'n kans het, hou Wilmar daarvan om hulle te vat om plase te besoek om van ander boere te leer en om te sien watter impak verskillende landboupraktyke op die gewasse het.

Die beroemde professionele Amerikaanse basketbalspeler, Michael Jordan, het die volgende

gesê oor sukses: "Sommige mense wil hê dit moet gebeur, ander wens dat dit sal gebeur, ander laat dit gebeur." Wilmar is iemand wat wou hê dit moet gebeur, gewens het dat dit sal gebeur en uiteindelik gemaak het dat dit gebeur. Met sy vasberadenheid sal die droom om eendag sy eie grond te besit, 'n werklikheid word.

**Artikel verskaf deur Louise Kunz, Pula Invula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na louise@infoworks.biz.**



*Kanola is 'n uitstekende gewas om deel van jou rotasiestelsel te wees aangesien dit help om onkruid (veral grasse) en swamme baie effektiel te beheer.*

# WES-KAAP DROOGTE lei tot hoër koringinvoere

**D**ie afgelope drie produksieseisoene het 'n interessante neiging getoon ten opsigte van produksievolumes van alle graan en oliesade in Suid-Afrika.

Met spesifieke verwysing na koring, was die veranderinge in die produksietendens hoofsaaklik te wye aan die verandering in klimaat, waar die produksie gedurende die 2014/2015 produksiejaar wydverspreide droogte tot gemiddelde reënval in die vorige produksieseisoen beleef het en dan onlangs nog 'n droë tydperk, veral in die Wes-Kaap in die 2016/2017 produksieseisoen.

Gedurende die 2017/2018 bemarkingseisoen, wat die huidige bemarkingseisoen is, word verwag dat die produksie van koring 1,655 miljoen ton sal bereik. Areas wat met koring aangeplant is, het egter met 3,3% afgeneem, maar produksie sal na verwagting met 13,4% daal vanaf die vorige produksieseisoen, wat 'n totaal van 1,9 miljoen ton opgelewer het. Die afname in produksie gedurende hierdie seisoen is hoofsaaklik veroorsaak deur onvoldoende reënval in die Wes-Kaap. As gevolg van onder-gemiddelde reënval en baie lae grondvog in sommige dele van die Wes-Kaap, bestaan daar 'n groot variasie in die toestand van die gewas, wat die algehele opbrengs beïnvloed.

Oor die jare het plaaslike koringproduksie aansienlik afgeneem, wat daartoe gelei het dat die land afhanglik is van invoere om in die plaaslike vraag van 3,1 miljoen ton te voorsien. Dit is daarom nie verbasend dat Suid-Afrika gedurende die huidige seisoen met lae produksievolumes, sy invoervereistes waarskynlik sal verhoog ten einde in die totale binnelandse vraag te voorsien nie. **Tabel 1** duif die verskillende veranderinge aan wat in die huidige seisoen verwag word, in vergelyking met die vorige twee seisoene vanaf 2015/2016 tot 2017/2018.

**Tabel 1: Die aanbod en vraag na koring in Suid-Afrika.**

Opgedateer: 26 Oktober 2017		Graan SA skatting	Graan SA skatting	Graan SA skatting
Bemarkingsjaar		2015/2016	2016/2017*	2017/2018**
Area aangeplant (x 1 000 ha)		482	508	492
Opbrengs (ton/ha)		2,99	3,76	3,37
Oesskattingskomitee oesskatting ('000 ton)		1 440	1 910	1 655
Beskikbaar vir kommersiële levering		1 440	1 875	1 655
<b>Kommersiële aanbod</b>	('000 ton)		('000 ton)	('000 ton)
Openingsvoorraad (1 Oktober)		597	827	343
Kommersiële produksie		1 407	1 870	1 655
Invoere		2 063	934	2 000
<b>Totale kommersiële aanbod</b>	<b>4 075</b>		<b>3 641</b>	<b>4 004</b>
<b>Kommersiële vraag</b>				
Kommersiële verbruik		3 144	3 163	3 140
Totale RSA verbruik		3 179	3 194	3 165
Uitvoere		69	104	110
<b>Totale vraag</b>	<b>3 248</b>		<b>3 298</b>	<b>3 275</b>
<b>Uitvloei (30 September)</b>	<b>827</b>		<b>343</b>	<b>729</b>
Pyplynbehoeftes		689	693	684
<b>Surplus bo pyplyn</b>	<b>139</b>		<b>-350</b>	<b>46</b>

Dit is waarskynlik dat koringinvoere gedurende die huidige seisoen tot 2 miljoen ton kan styg, teenoor 934 000 ton in die vorige seisoen. Dit sal die tweede hoogstevlak van koringinvoere wees sedert die droogte in die 2015/2016 bemarkingsjaar.

Uit die bogenoemde data is dit duidelik dat die resultate van die onlangse droogte wat in die Wes-Kaap ervaar is, 'n soortgelyke tendens toon as die wydverspreide droogte wat gedurende die 2015/2016 seisoen ervaar is, wat in meer as 100 jaar as die ergste droogte beskou is. Dit is ook duidelik dat koringprodusente in die Wes-Kaap 'n aantal moeilike uitdagings die afgelope

jare ervaar het as gevolg van klimaatsverandering. Vooruitskouend word verwag dat die neiging van invoerverhoging kan voortduur totdat boere toegang tot beter saadtegnologie het wat meer veerkrugtig is vir klimaatsverandering.

**Artikel verskaf deur Michelle Mokone,  
Landbou Ekonom: Graan SA. Vir meer  
inligting, stuur 'n e-pos na  
[Michelle@grainsa.co.za](mailto:Michelle@grainsa.co.za).**



# Meer as 3 500 boere bemagtig in 2017

**L**eerervarings is soos reise. Die reis begin waar die opleiding nou is en eindig wanneer die leerder suksesvol is. Die einde van die reis gaan nie daaroor dat jy meer weet nie, dit gaan daaroor dat jy meer moet doen” – Julie Dirksen, leerstrategie en ontwerpkonsultant.

Wanneer ons die Graan SA Boereontwikkelingsopleiding wat elke jaar plaasvind, oorweeg, is hierdie gesegde baie waar. Kennis beteken niets as dit nie geïmplementeer word nie. Opleiding word nie net ter wille van opleiding gedoen nie. Julle as boere word verryk met die kennis en praktiese vaardighede om jou eie gewasse te

verbou en voortdurend te verbeter, hoe om jou oes te stoer, hoe om jou oes te verkoop, hoe om jou toerusting te versorg, hoe om te bepaal wat jy het en vooruit te beplan, hoe om finansiële volhoubaar te wees, ensovoorts. Hierdie kennis word dagliks gebruik om voorsiening te maak vir jouself, jou gesin en om by te dra tot huishoudelike voedselsekuriteit in ons pragtige land.

Dit is 'n eer om bekend te maak dat **3 510** boere die **214** Graan SA kursusse wat gedurende 2017 aangebied is, bygewoon het! Elke boer wat besluit het om homself of haarself te verbeter deur hierdie kursusse by te woon, moet baie trots wees.

## Befondsing

Ons wil graag ons verskillende befonders bedank, naamlik die Mielietrust, Wintergraanstrust, OPOT, Sorghumtrust, DST (Departement van Wetenskap en Tegnologie), Jobs Fund, DRDAR EC (Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervervorming, Oos-Kaap) vir die bydrae om hierdie 2017 opleidingskursusse moontlik te maak.

**Artikel verskaf deur Liana Stroebel, Provinciale Koördineerder, (Wes-Kaap) van die Graan SA Boere Ontwikkelingsprogram. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za).**

Tabel 1: Kursusse aangebied vanaf 1 Januarie 2017 tot 22 November 2017 (uitgesluit Desember kursusse).

Gevorderde Mielieproduksie en Bemarking	Inleiding tot Mielieproduksie onder Besproeiing	Hulpbronne Assessering en Plaasbeplanning
Basiese Enjin Herstel	Inleiding tot Sojaboondroduksie	Mikotoksiene – Veilige Opberging van Mielies
Besigheids Etiek	Inleiding tot Sonneblomproduksie	Trekker en Plaasimplemente Instandhouding
Kontrakteurskursus	Inleiding tot Koringproduksie	Trekker Instandhouding Deel 2
Boerdery vir Wins	Lewensvaardighede	Trekker Instandhouding Deel 1
Toepassing van Trekker Instandhouding	Meganisasie Bestuur	Werksinkelvaardighede (Sweis)
Inleiding tot Grondboonproduksie	Veilige Hantering van Plaasgereedskap en Plaastoerusting	
Inleiding tot Mielieproduksie	Praktiese Vaardighede Kursus – Planter en Onkruidspuit Kalibrering	



Foto's: Vanaf 1 Januarie 2017 tot 22 November 2017 het 'n totaal van of 3 510 boere die 214 Graan SA kursusse wat aangebied is, bygewoon.



# Sien GELEENTHEID in resessie en afgradering

**A**s gewone burgers kan ons die vrae vra – wat is afgradering en resessie? Hoe raak dit my en my besigheid? Wat kan ek daaraan doen?

Kom ons verduidelik eers hierdie twee terme. 'n Resessie is wanneer die ekonomiese van 'n land aansienlik afneem vir minstens ses opeenvolgende maande, of twee opeenvolgende kwartale. Die bruto binnelandse produk (BBP) is een van die primêre aanwysers wat gebruik word om die gesondheid van 'n land se ekonomie te meet. Dit verteenwoordig die totale Randwaarde van alle goedere en dienste wat oor 'n spesifieke tydperk in 'n land geproduseer word. Normaalweg is daar tydens 'n resessie ook 'n vermindering in inkomste vir die land-, indiensnemings- en vervaardigings- en kleinhandelverkope.

Dink daaraan in terme van jou besigheid. Die BBP van jou besigheid is die totale waarde van die produkte op jou plaas, met ander woorde die bruto produksiewaarde. Hierdie inkomste word gebruik om al die koste van jou besigheid te dek en om enige skuld wat jy mag hê, terug te betaal. Dit is logies, as jou besigheidsinkomste daal, sal jy dit moeilik vind om al jou koste te dek. En as jy enige skuld het, sal jy dit nog moeiliker vind om die skuld terug te betaal.

Dieselde met 'n land. 'n Land het sekere verpligteinge soos die betaling van salarisse van staatsamptenare, om infrastruktuur te voorsien wat nodig is vir die land om te groei soos paaié, om onderwys en gesondheidsdienste te voorsien, ensovoorts. Inkomste is nodig om al die koste van hierdie verpligteinge te dek. Die inkomste van 'n land is hoofsaaklik belasting wat ingesamel word en indien daar 'n tekort is, leen die land geld om al die verpligteinge te betaal. Hoe minder 'n land groei, hoe minder belasting sal beskikbaar wees en meer geld sal geleent moet word. Maar onthou, lenings moet terugbetaal word en sonder die nodige inkomste uit die groei van 'n land, hoe moeiliker sal dit wees om skuld terug te betaal.

**“**Aanvaar dit as 'n uitdaging en skerp jou op met betrekking tot al die aspekte van die bestuur van jou besigheid en verbeter jou besigheid om volhoubare wins op die langtermyn te lewer.



**“**Ons land en baie besighede in Suid-Afrika is tans in 'n moeilike posisie, maar dinge sal weer verbeter. Wees dus gereed vir die goeie jare wat weer sal volg.

In vergelyking met jou besigheid – as jy geld van 'n finansiële instelling wil leen, sal hulle die moontlikheid van jou onderneming om die lening terug te betaal, aan die hand van verskillende kriteria, 'gradeer'. As jou besigheid in 'n gesonde finansiële posisie is, sal 'n finansiële instelling oordeel dat jy die lening sal kan terugbetaal en hulle sal jou gunstig 'gradeer'. Indien die finansiële instelling oordeel dat daar 'n aansienlike risiko bestaan dat jy nie die lening sal kan terugbetaal nie, sal hulle jou afgradeer en jou óf nie die geld leen nie, óf 'n hoë rentekoers op die lening hef.

Dieselde met 'n land. Die enigste verskil is, in die geval van lande, is daar sogenoemde kredietbeoordelingsagentskappe wat die risiko van 'n land om lenings terug te betaal, oorweeg. In Suid-Afrika is drie kredietwaardigheidsagentskappe (Standard & Poor's, Moody's en Fitch) betrokke. Gebaseer op die resessie (lae/negatiewe groei), hoë werkloosheid, politieke

faktore en ander faktore, het twee van die graderingsagentskappe Suid-Afrika afgegradeer. Met ander woorde, volgens hulle oordeel hulle Suid-Afrika as 'n hoë risiko profiel om lenings terug te betaal. Die derde agentskap moet nog 'n finale besluit neem. Wanneer al drie agentskappe Suid-Afrika afgegradeer het, sal ons op 'n volle rommelstatus graad wees. Dit sal dan baie moeilik wees vir die land om fondse te leen wat nodig is om die land te bestuur en dit sal teen baie hoër rentekoerse beskikbaar wees.

'n Kredietgradering kan toegeken word aan enige entiteit wat poog om geld te leen – 'n individu, korporasie, staat, of provinsiale owerheid, of soewereine regering.

Hoe sal hierdie nou my en my besigheid beïnvloed? Eerstens, as jy wil of moet geld leen, verwag die graderingskriteria wat toegepas moet word, strenger en hoë rentekoerse wat gehef moet word. Geld word skaars en duurder. Tweedens kan die waarde van die Rand verder daal, wat die weg sal baan vir prysstygings van ingevoerde insette soos olie. Besigheid wins sal negatief geraak word hierdeur.

Wat kan ek hieraan doen? As 'n enkele persoon, een van sowat 56 miljoen mense wat in Suid-Afrika woon. Nie veel nie.

Miskien sal jy die woorde van 'n liedjie van 'n paar jaar gelede onthou – "Don't worry, be happy". Dit is basies hoe jy hierdie situasie moet benader. Aanvaar dit as 'n uitdaging en skerp jou op met betrekking tot al die aspekte van die bestuur van jou besigheid en verbeter jou besigheid om volhoubare wins op die langtermyn te lewer.

Onthou, die ekonomiese van die wêreld, of enige land, of enige besigheid, gaan deur ekonomiese sikelusse – op en af, of goeie jare en slechte jare. Ons land en baie besighede in Suid-Afrika is tans in 'n moeilike posisie, maar dinge sal weer verbeter. Wees dus gereed vir die goeie jare wat weer sal volg. Behandel dus die resessie en afgradering as 'n geleentheid. Verbeter jou besigheid.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mcgacc.co.za.**

# Bestuur die gesondheids- en veiligheidsaspekte van jou besigheid

**O**ns is almal bewus van die feit dat daar verskeie wette in ons land is wat die bestuur van 'n boerderybedryf beïnvloed. Die verantwoordelikheid van bestuur is om hierdie wette te bestuur.

Een van hierdie wette is die Wet op Beroepsgeondheid en Veiligheid (Nr. 85 van 1993). Hierdie wet reguleer gesondheid en veiligheid in die werkplek, wat jou plaas is.

Boere as werkgewers moet, sover dit redelik moontlik is, 'n werksomgewing bied wat veilig en sonder risiko vir die gesondheid van werkemers is. Beide werkgewers en werkemers het egter 'n verantwoordelikheid om te verseker dat die regulasies van hierdie wet behoorlik uitgevoer word.

In hierdie artikel sal ons fokus op die verantwoordelikhede van die werkewer. As werkewer moet jy:

- verseker dat alle werkemers die wet verstaan;
- ook potensiële gevare identifiseer wat verband hou met die tipe werk wat gedoen word;
- voorsorgmaatreëls tref en afdwing om werkemers teen potensiële gevare te beskerm en middle te verskaf om dit te implementeer;
- die inligting, instruksies, opleiding en toesig verskaf wat nodig is vir werkemers om hul taak veilig te voltooi;
- verseker dat die werk gedoen word en toerusting wat gebruik word, onder die algemene toesig van 'n werkemmer is wat opgelei is om die potensiële gevare wat daarmee gepaard gaan, te verstaan; en
- verseker dat geen werkemmer voortgaan met 'n taak wat hom/haar blootstel nie, tensy die nodige voorsorgmaatreëls getref is.

Indien 'n besering voorkom en die werkewer natlig is, kan daar ernstige gevolge vir die werkewer wees. Jy kan 'n aansienlike boete opgelê word en/of gevangenisstraf in die gesig staar en beveel word om die saak reg te stel. Ongekwalificeerde gevolge kan wees dat die produktiwiteit en houding van jou werkemers negatief beïnvloed kan word deur gereelde beserings wat plaasvind.

Dit is daarom die moeite werd om die gesondheids- en veiligheidsaspekte van jou besigheid te bestuur. Ons benadering word gestimuleer deur die spreekwoord "voorkoming is beter as genesing". Onthou om te bestuur, impliseer dat jy moet beplan, organiseer, implementeer en beheer. Maar om dit te kan doen, benodig jy inligting – "as jy nie meet nie, kan jy dit nie regkry nie". In die geval van gesondheid en veiligheid

sal jy byvoorbeeld nie 'n maatstaf gebruik om te meet nie, maar dit sal 'n inspeksie van alle bronse op jou plaas wees en 'n antwoord kry – ja of nee – op vrae wat gevra moet word.

'n Paar voorbeeld van vroegte wat jy in hierdie verband moet vra:

## Jou personeel

- Is jou personeel behoorlik opgelei ten opsigte van alle gereedskap, masjinerie, toerusting en sosoorts, wat hulle gebruik?
- Kommunikeer jy gereeld met jou personeel aan- gaande gesondheid en veiligheid?
- Voorsien jy aan jou personeel die nodige beskermende klere en dwing die korrekte gebruik van die klere af?

## Administrasie

- Het jy alle nood telefoonnummers geredelik beskikbaar?
- Het jy alle relevante vorms beskikbaar?

## Geboue

- Word materiale en voorrade gestoor sodat hulle nie op iemand kan val nie, deurgang versper of ineenstort onder 'n werker wat oor hulle klim nie?
- Is deure en hekke na gevaaalike plekke (berging van mis, diere kwartiere, ensovoorts) gesluit en beveilig om kinders en ongemagtige persone uit te hou?

## Dierefasilitate

- Is hokke, hekke, glygleue en heinings gesik vir die werk, stewig en goed herstel?

## Graan en kuilvoer strukture

- Word aandrywingsmeganismes en werkende dele van masjinerie wat opvul en uitlaai goed beskerm?

## Werkswinkel

- Word stilstaande gereedskap soos slypmasjiene, sae, ensovoorts behoorlik beskerm?
- Is persoonlike beskermende toerusting soos brille, helmets, respirators, rubber- of plastiekhandskoene, oormoffies, winkelvoorskote en sveishelms beskikbaar in die werkswinkel?
- Is 'n brandblusser (van die regte tipe) geredelik beskikbaar?

## Bergingsgeboue

- Is die vloeroppervlak ferm en gelyk en vry van struikelblokke?



## Chemiese berging

- Is die stooplek goed belig om maklik chemikalië te identifiseer en etikette te lees?

## Brandstofopslag

- Word bergingsareas afgesluit en beveilig?
- Is werkers opdrag gegee om reëls vir veilige hervulling te gebruik, soos om die enjin af te sluit en dit te laat afkoel, om nie te rook nie, om die tenk versigtig te vul om mors en oorloop te verhoed, om die sputstuk op die houer terug te sit?

## Plaasmasjinerie

- Is beskerming omhulsels en beskermingsplate altid in plek wanneer hulle werk?

## Lere

- Word 'n leer in 'n goeie toestand gehou sodat dit veilig is om te gebruik en sal dit die gewig van 'n werkemmer kan dra?

Daar is nog baie meer vroegte wat gevra moet word. Dit is raadsaam om 'n tabel op te stel met al die vroegte wat gevra moet word. As jy nie weet hoe om 'n tabel op te stel nie, kry hulp. Daar is byvoorbeeld in die kursusmateriaal van Graan SA se kursus "Plaasbestuur vir Winste" 'n tabel met 125 vroegte wat verband hou met alle hulpbronne op 'n plaas wat jy kan gebruik.

Sodra jy al die inligting het, kan jy beplan, organiseer en implementeer om alle probleemareas reg te stel om beserings te verminder en te beperk.

**Artikel verskaf deur Marius Greyling, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na mariusg@mccacc.co.za.**

# Leer jou kinders goed...

**L**ankal verby is die dae toe kinders presies geweet het waar hul kos vandaan kom, naamlik van hul eie agtertuine! Te veel kinders van vandag dink melk word in 'n fabriek gemaak, of beland op een of ander wonderbaarlike manier in die kruidenierswinkel!

Jongmense het weg beweeg van landbou af en perspektief verloor oor die verband tussen boerdery en die kos wat ons eet, of die klere wat ons dra. Verder assosieer die jeug negatief met landbou en beskou dit as indiensneming wat 'n mens baie moeg maak, lang harde ure onder die warm son vir minimale inkomste!

Daar is 'n toenemende gevoel van dringendheid wêreldwyd wat erken dat dit nodig is om die jeug oor landbou op te voed. Die opvoeding van die jeug oor landbou word beskou as 'n belangrike strategie in die ramp risiko bestuurswerktuig om die bedreiging van voedselsekuriteitsvlakte te bestuur.

Dit is veral belangrik in Suid-Afrika waar die jongste statistiek die gemiddelde ouderdom van boere as 62 jaar aanteken! In Afrika is die demografiese struktuur besonder jonk, met meer as 60 persent van die bevolking wat tans onder die ouderdom van 25 is. Groot getalle jongmense woon en werk in landelike dorpe.

Dit is belangrik dat die potensiaal van die stedelike sektor om werksinkomste aan hierdie jongmense te bied, laag is. Dit is duidelik dat die rol van landbou as 'n bron van indiensneming en lewensgeleenthede toenemend belangrik sal wees. Die grootste uitdaging is egter dat die meerderheid van die jeug nie landbou as 'n lewensvatbare loopbaan beskou nie. Te veel het hul ouers se stryd in die sektor gesien, met lae produktiwiteit en lae opbrengste om aangetrokke daartoe te voel. Dit is presies waarom 'n skoleprogram so belangrik is om kennis, vaardighede en talent van die jeug te ontwikkel. Deur ons skoleprogram moet ons uiteindelik poog om die groot potensiaal wat die landbousektor bied, te demonstreer.

Ons het 'n verantwoordelikheid vir die toekoms om nou die oë van ons kinders vir die waarde van 'n gesonde landbousektor oop te maak. Kinders is huidige verbruikers, toekom-

stige verbruikers en die volgende generasie werkers en werkgewers en hoe gouer ons hulle bewus kan maak van die waarde van landbou in die algemeen en veral die mieliebedryf, hoe

gouer sal ons kan hoop dat hulle die belangrikheid daarvan sal verstaan.

Gedurende Junie 2016 het Dr. Akinwumi Adesina, president van die Afrika Ontwikkelings-



Foto's: Gedurende 2017 het ons 852 skole besoek en die oë van 115 695 leerders geopen.

“

*Agriculture is our wisest pursuit, because it will in the end contribute most to real wealth, good morals and happiness.*



– Thomas Jefferson

“Ons het ‘n verantwoordelikheid vir die toekoms om nou die oë van ons kinders vir die waarde van ‘n gesonde landbousektor oop te maak.

bank, verklaar dat Afrika groot landboupotensiaal het en groter verbintenis gevra om plase te verander in “intelligente plase”, met belegging in wetenskap en tegnologie om doeltreffendheid en mededingendheid te verhoog. Afrika word gekenmerk deur onder-belegging wat ‘n negatiewe uitwerking gehad het en mense in armoede en die landbousektor in ekonomiese krisis gelaat het. Hy sê Afrika het 65% van alle bewerkbare grond wat in die wêreld oorgebly het om teen 2050 9 miljoen mense te voed. Daarom, “Wat Afrika doen met landbou is nie net belangrik vir Afrika nie: Dit sal die toekoms van voedsel in die wêreld bepaal!” Landbou moet gesien word as ‘n geleentheid vir



## Leer jou kinders goed...



welvaartskepping en nie net as 'n instrument in die sosiale en ontwikkelingsektor om landelike armoede te bestuur nie!

Dit is duidelik dat die sektor 'n inspuiting van die jeug nodig het om vars passie en

energie te bring. In die nie te verre toekoms sal die leerders in die klaskamers in ons land volwassenes wees wat belangrike besluite oor voedselstelsels en landbousektorbeleid maak! Dit is noodsaaklik om jongmense aan te moedig om:

- verbintenis met kos te maak en bewus te wees van die waarde van landbou as bron van voedsel en vesel → **Landbou is belangrik vir die toekoms van ontwikkeling**;
- landbou te erken as 'n veld wat gevul is met diverse loopbaan/indiensnemingsgeleenthede → **Landbounavorsing benodig jong breinkrag**;
- 'n band te bou met grond as 'n belangrike rolspeler in die ekonomie → **Landbou kan 'n bron van inkomste vir jong entrepreneurs wees**.

*Waarom dink ons dat die jeug kan bydra tot veranderende gemeenskappe deur boerdery? Oorvloed versprei nie... hongersnood wel!*

- Om jongmense by boerderyaktiwiteite te betrek, kan 'n dinamiese manier wees om gesonde gemeenskappe te bevorder deur middel van → huishoudelike kostuine en gemeenskapstuine. Die jeug kan bydra tot voedselsekuriteit en bewustheid oor die omgewing verhoog.
- Bemarkingsvaardighede kan ontwikkel word waar jongmense hul eie kos produseer en meer → hulle kan jong entrepreneurs word deur oormaat produkte te verkoop of te ruil.
- Jongmense wat in die waarde van iets glo, sal dit met energie en passie nastreef. Dit is 'n konstruktiewe manier om tyd te spandeer en lewenslange vaardighede te bekom.
- Jeugleierskap kan gemeenskappe omskep, gesonde kos vir landelike en stedelike plekke verseker en hul verhoudings binne hulself en die wêreld rondom hulle verander.

Die Graan SA Boereontwikkeling Skoleprogram is die resultaat van 'n vennootskap tussen die Mielietrust, Wintergraantrust en die AgriSETA, wat almal op verskillende maniere en op verskillende areas die program befonds. Verskeie fasilitateerders is gekontrakteer om aanbiedings by skole in al nege provinsies van Suid-Afrika te doen. Drie besoeke word aan elke skool in een skooljaar gebring en 'n verskeidenheid DVD's word aan die leerders gevys wat in die klaskameromgewing bespreek word. Die leerders is gewoonlik in graad 9 (vakkeuse) of graad 12 (beroepskeuse). Hierdie DVD's vertoon boodskappe soos:

- Voedsel, Vesel, Lewe:** Dit fokus op die skep van bewustheid onder leerders oor die tipe produkte wat uit landbou verkry word. Beskikbaar aanlyn: <https://youtu.be/TPT-4GXsNIVM>;
- Spring weg – Inleiding tot Boerdery:** Dit onderrig leerders oor landbouproduksie gebiede in Suid-Afrika. Dit gee ook 'n breë



oorsig oor grond, die faktore wat dit beïnvloed en grondbewaringsmetodes. Beskikbaar aanlyn: <https://youtu.be/yYRy3mSn1vA>;

- **Ekonomie – Wat is daarin vir my?** Hierdie DVD lê klem op verskeie ekonomiese begrippe soos wat noodsaaklik is, teenoor wat ek graag wil hê, handelspatrone soos ruilhandel teenoor bemarking, produksie en BBP. Wat is hulpbronne, byvoorbeeld grond- en menslike hulpbronne, kapitaal, produksie insette, ensvoorts. Beskikbaar aanlyn: <https://youtu.be/GR4iOyc5Mvk>;
- **Vestig jouself in die toekoms:** Hierdie DVD word in die derde kwartaal aangebied en fokus sterk op beroepskeuses en gee 'n oorsig van die tipes beroepe wat die landbousektor bied. Beskikbaar aanlyn: <https://youtu.be/hlfH3SY2K1s>;
- **Loopbane in Landbou – Lewendehawe:** Dit is 'n bietjie meer in-diepte siening oor verskillende tipes beroepe wat ontstaan in, of met landbou verband hou. Beskikbaar aanlyn: <https://youtu.be/2WVVP1St3hM>.

## Redaksie

### GRAAN SA: BLOEMFONTEIN

Suite 3, Privaatsak X11, Brandhof, 9324  
 Collinssstraat 7, Arboretum  
 Bloemfontein  
 ▶ 08600 47246  
 ▶ Faks: 051 430 7574 ▶ [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za)

### HOOFREDAKTEUR

**Jane McPherson**  
 ▶ 082 854 7171 ▶ [jane@grainsa.co.za](mailto:jane@grainsa.co.za)

### REDAKTEUR & VERSPREIDING

**Liana Stroebel**  
 ▶ 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)

### ONTWERP, UITLEG EN DRUK

**Infoworks**  
 ▶ 018 468 2716 ▶ [www.infoworks.biz](http://www.infoworks.biz)



### PULA IMVULA IS BESIKBAAR IN DIE VOLGELDE TALE:

**Afrikaans,**  
 Engels, Tswana, Sesotho,  
 Sesotho sa Leboa, Zulu en Xhosa.

### Graan SA Ontwikkelingsprogram vir Boere

#### ONTWIKKELINGSKOÖRDINEERDERS

**Johan Kriel**  
 Vrystaat (Ladybrand)  
 ▶ 079 497 4294 ▶ [johank@grainsa.co.za](mailto:johank@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 051 924 1099 ▶ Dimakatso Nyambose

**Jerry Mthombothi**  
 Mpumalanga (Nelspruit)  
 ▶ 084 604 0549 ▶ [jerry@grainsa.co.za](mailto:jerry@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 013 755 4575 ▶ Emelda Mogane

**Jurie Mentz**  
 Mpumalanga/KwaZulu-Natal (Louwsburg)  
 ▶ 082 354 5749 ▶ [jurie@grainsa.co.za](mailto:jurie@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 034 907 5040 ▶ Sydwell Nkosi

**Graeme Engelbrecht**  
 KwaZulu-Natal (Dundee)  
 ▶ 082 650 9315 ▶ [dundee@grainsa.co.za](mailto:dundee@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 012 816 8069 ▶ Nkosinathi Mazibuko

**Luke Collier**  
 Oos-Kaap (Kokstad)  
 ▶ 083 730 9408 ▶ [goshenfarming@gmail.com](mailto:goshenfarming@gmail.com)  
 ▶ Kantoor: 039 727 5749 ▶ Luthando Diko

**Liana Stroebel**  
 Wes-Kaap (Paarl)  
 ▶ 084 264 1422 ▶ [liana@grainsa.co.za](mailto:liana@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 012 816 8057 ▶ Hailey Ehrenreich

**Du Toit van der Westhuizen**  
 Noordwes (Lichtenburg)  
 ▶ 082 877 6749 ▶ [dutoit@grainsa.co.za](mailto:dutoit@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 012 816 8038 ▶ Lebo Mogatlanyane

**Sinelizwi Fakade**  
 Mthatha  
 ▶ 071 519 4192 ▶ [sinelizwifakade@grainsa.co.za](mailto:sinelizwifakade@grainsa.co.za)  
 ▶ Kantoor: 012 816 8077 ▶ Cwayita Mpotyi

**Artikels wat deur onafhanklike skrywers geskryf word, is die mening van die skrywer en nie van Graan SA nie.**

## Leer jou kinders goed...



Gedurende 2017 het ons fasiliteerders 852 skole besoek en die oë van 115 695 leerders geopen vir die impak wat landbou op hul lewens het. Ons is voortdurend opgewonde oor die leerders se antwoorde wat sonder versuim verband hou met die feit dat hulle onbewus was van die belangrike rol van landbou in hul alledaagse lewe. Baie leerders is nie bewus van die diversiteit van loopbaangeleenthede wat in die landbousektor aangebied word nie. Die opvoeders ontvang ons goed en sê

hulle benodig MEER besoeke van die span. As 'n span is ons daar toe verbind om groter bewusheid te skep oor die belangrikheid van landbou onder die jeug!

**Artikel verskaf deur Jenny Mathews, Pula Imvula medewerker. Vir meer inligting, stuur 'n e-pos na [jenjonmat@gmail.com](mailto:jenjonmat@gmail.com).**

